kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Om goeie Nuus te kan hoor..."

Skriflesing: Romeine 8:22-28 (1953)

22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame
in barensnood is tot nou toe.
23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge
van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die
aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons
liggaam.
24 Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien
word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop
hy dit nog?
25 Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop
met volharding.
26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want
ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self
tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.
27 En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van
die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die
heiliges intree.
28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede
meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Broodjies vir die pad

Iets oor Pinkster

The spectacle of Pentecost is not that Something from outside the world interrupted/penetrated human experience, but that the miracle of the mundane was shown to us-- each speaks in her or his native/authentic/personal voice. In the community of the church, the conversation is about God, us and all others. The resulting transformation is to see ourselves and all others in a new light, that is as Jesus did in his day, but here and now, by us in our day!

Wat maak jy met jou gevoel van dankbaarheid? (Selfs 'n ateïs kan jou daaroor laat dink...)

Ook zonder God mogen we ons gelukkig prijzen

Ger Groot

Ik zit met mijn vrienden in een café en het gesprek komt op God - zo vertelt de filosoof Jan Drost in zijn sympathieke levenskunst-boek 'Denken helpt'. 'Op een gegeven moment zegt een van ons: Waar moet een atheïst eigenlijk heen met zijn gevoelens van dankbaarheid? We kijken elkaar aan. Dan beginnen we te lachen.'

Dat is een goede vraag - en niet alleen op Bevrijdingsdag. De moderne 'massamens' is het vermogen tot dankbaarheid kwijtgeraakt omdat hij al het goede dat hem in de schoot geworpen wordt als vanzelfsprekend beschouwt: dat schreef de Spaanse denker Ortega y Gasset al in de jaren twintig in zijn (nu opnieuw vertaalde) essay 'De opstand van de massamens'. Ortega noemt het de 'psychologie van het verwende kind' dat de dankbaarheid verleerd is.

Dat is wat àl te snel en eendimensionaal geoordeeld. Het leven mag nog zo comfortabel geworden zijn, onzekerheid, stress en zelfs rampen blijven ook ons niet bespaard. Zijn we er misschien zelfs alleen maar gevoeliger door geworden sinds voor velen God geen realiteit meer is? En is het voor ons, omgekeerd, moeilijker dankbaarheid te voelen sinds we niemand meer hebben aan wie we die dankbaarheid kunnen betuigen?

'Bedankt evolutie!'
Op een dag als deze kun je je erkentelijk voelen jegens 'onze bevrijders'. En op andere momenten jegens de arts die je van een gevreesde ziekte heeft gered. Maar er is ook zoiets als dankbaarheid voor het leven zelf, en daar is voor de niet-godgelovige minder makkelijk een adres voor te vinden.

Want roepen 'bedankt evolutie!, bedankt genenpakket!' klinkt niet alleen raar. Er is in zo'n dankzegging ook 'iets niet gelukt', zo zei Willem Jan Otten vorig jaar bij het ontvangen van de P.C. Hooftprijs. Hij citeerde daarbij de hoofdpersoon uit een roman van zijn vrouw, Vonne van der Meer: 'Je kunt je dankbaarheid nu eenmaal niet in een gat gooien.'

Maar waar dan wel? Waar moet je heen met de hartsjubel waardoor de filosoof Martin Heidegger zich volgens Cornelis Verhoeven heel zijn leven lang stiekem leiden liet? Hoe aanvaard je het leven als een geschenk, een onverdiende surprise waaraan je niettemin alles te danken hebt, zonder de ervaring iets ontvangen te hebben direct te laten uitmonden in het gebaar van een schenker - die bij zo'n groot cadeau wel een Schenker moet zijn?

Hartsjubel
Is er, om die vraag te kunnen stellen, een levensdrama nodig? Een gebeurtenis die het hele bestaan omverwerpt en het verborgen om-niet zichtbaar maakt?

Misschien - maar dan wel met de aantekening dat ook die hartsjubel zo'n gebeurtenis kan zijn. Daar hoeft geen ramp aan te pas te komen, al zet een catastrofe de dankbaarheid wel in een scherp contrast. Het licht schijnt na de duisternis misschien niet feller, maar we zien wel duidelijker dát het schijnt.

In 1992 overleefde Annette Herfkens als enige een vliegtuigongeluk in Vietnam. Onlangs schreef ze er een boek over. In een interview dat ik las is er bij haar geen spoor van religiositeit merkbaar. Geen andere Redder dan de redders

die haar na acht dagen wachten wegdroegen uit de jungle, de artsen die haar weer oplapten na de crash.

Ieder jaar herdenkt ze het ongeluk, waarbij de vriend omkwam op wie ze dolverliefd was. En ze houdt precies bij wat ze die acht dagen eet. 'Omdat ik dan extra dankbaar ben voor al het eten en drinken op mijn tafel.'

Meer niet. En meer hoeft dat niet te zijn. Ook zonder God mogen we ons gelukkig prijzen.

http://www.trouw.nl/tr/nl/33880/Ger-Groot/article/detail/4000977/2015/05/05/Ook-zonder-God-mogen-we-ons-gelukkig-prijzen.dhtml?cw_agreed=1

Brood vir die pad

Gift of the Givers: Skaars minder as die engele

Sandra Troskie

In Djokjakarta op die Indonesiese eiland Java is ek vredig ’n vars papajasap aan’t teug toe ’n medegas uit die bloute met my praat.

“Is dit nou nie weer tipies nie!” sê hy en druk sy vinger op ’n oop blad van The Straits Times. “In Suid-Afrika het drie mans ’n non van ses-en-tagtig verkrag en vermoor. Ek weet nie hoe enigiemand nog in daai land wil bly nie.”

John* is ’n Suid-Afrikaanse uitgewekene; en boonop een van dié wat almal en veral homself moet oortuig dat hy die regte keuse gemaak het.

“Ons het twintig jaar gelede na Nieu-Seeland geëmigreer. Ons besit reeds ’n paar eiendomme daar wat ons verhuur, ons woon in ’n pragtige huis in ’n asemrowende omgewing en Nieu-Seeland het een van die hoogste leefstylvlakke ter wêreld. Ek’s nie spyt ons het getrek nie.”

As ’n ongeneeslike patriot in die aangesig van dikwels selfs die verdoemendste getuienis, verdedig ek Die Geliefde Land outomaties vurig. Ja, daar gebeur ongelukkig te dikwels verskriklike dinge, maar die meeste Suid-Afrikaners . . .

“Jy sal ’n ander deuntjie sing die dag wanneer jy só iets,” klap hy sy hand op die koerant, “aan eie bas ervaar”.

Wel, hoe naby aan eie bas praat ons nou van? Kwalifiseer my neef wat in ’n transito-rooftog doodgeskiet is? My skoonsuster wat tydens ’n inbraak vermoor is? Haar man wat 24 messteke oorleef het, maar vir ewig met die trauma moet saamleef? ’n Goeie vriend wat gekaap, aangerand, beroof en net-net met sy lewe daarvan afgekom het?

En bo en behalwe dit: Hoe ver van jou eie bas is ’n mens in elk geval in staat om die wreedaardige verkragtings van weerlose babas en brose ou mense te hou? Die grusame, byna daaglikse moorde? Die wanhoop van die haweloses en werkloses? Die vertrapte lewens van die immigrante, die vreemdelinge in ons poorte? Hoeveel nader aan jou bas moet pyn kom? En, terloops, dink hy hý kwalifiseer om énige deuntjie te sing?

“Jy versterk net my argument,” gaan hy egter onverstoord voort. “Dié mense is gewoon net nie in staat om te regeer nie. Ek’s nie ’n rassís nie, verstaan!” vervolg hy vinnig toe ek hom in die rede val om te vra wie hy almal by “dié mense” insluit? Madiba? Thuli Madonsela? Desmond Tutu?

“Ek’s op stuk van sake Engels. Ek kán nie rassisties wees nie.”

Xeno, daardie goeie hond wat in elkeen van ons se spoor trap, lig sy kop waarskuwend. Ek het die fobiese dier skaars onder beheer toe John ’n werklik onvergeeflike flater in my boekies begaan.

“Jy weet, ek sê nooit meer vir mense ek’s eintlik ’n Suid-Afrikaner nie. Dis nie eintlik iets om op trots te wees nie, is dit?”

Tannie Evita se kras maar uiters gepaste uitnodiging aan almal met soortgelyke sentimente, kom opeens by my op: “Wel, f . . .”

Maar voor my bitter tong die skande kan pleeg, val my Nemesis my in die rede.

“So . . . wat maak jy in Djokjakarta?”

Heimlik verlig om van die gelaaide kwessie weg te beweeg, gryp ek die geleentheid aan om die strydbyl te begrawe. Ek wag vir my verlêde bagasie, verduidelik ek, voor ek verder na my eintlike eindbestemming kan reis.

“Jy weet jy kan vergoeding van die betrokke redery eis, nè?”

Ek weet ja, maar dit sal ek beslis nié doen nie. Myne was blykbaar een van 35 stukke bagasie wat op Johannesburg agtergelaat is ten einde ruimte te maak vir die voorraad van die span van die Gift of the Givers wat na Nepal op pad is. Dit sou gewoon kleinlik wees om die slagoffers lewensnoodsaaklike sorg en middels te ontsê net sodat ék nie enige ongerief ondervind nie.

Boonop erken ek ruiterlik dat geen rugby- of krieket-ondersteuner meer opgewonde kan wees as ek oor die feit dat ek uit die bloute ’n internasionale vlug met my gunsteling-Suid-Afrikaanse span gaan meemaak nie.

Met hul donkergroen gholfhemde waarop hul leuse – “Die beste onder mense is diegene wat die mensdom bevoordeel” – in goud geborduur is, kon dié groep in elk geval vir die Springbok-span aangesien word. Of die Proteas. Behalwe dat dié span manne en vroue beslis die brandstapel van die kwota-inkwisisie sal vryspring. Hulle is so wonderlik divers soos die land wat hulle verteenwoordig.

“Dit kan nie anders nie,” verduidelik Ahmed Bham toe ek gedurende die vlug ’n gesprek met hom en Qasim Bhorat, die twee spanleiers, aangeknoop het.

“Die fondament waarop Imtiaz hierdie organisasie begin het, was immers radikale inklusiwiteit.”

Die Imtiaz na wie hy so familiêr verwys het, is dr. Imtiaz Sooliman, stigter en direkteur van Gift of the Givers; ’n legendariese figuur nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. Sooliman is bekend daarvoor dat hy en sy spanne gaan na gebiede waar die res van die internasionale gemeenskap se engele dikwels te bang is om te trap.

So het dit al gebeur dat Sooliman in oorloggeteisterde Bosnië met ’n geweer teen die kop aangehou is en dat ’n

span van Givers se dokters in Sirië moes opereer terwyl die bomme en granate reg buite hul noodhospitaal ontplof het.

Diegene wat as vrywilligers aanmeld, kom uit ’n wye spektrum van beroepe. Argitekte en ingenieurs help beplan en bou aan hospitale, skole en klinieke; dieetkundiges word ingespan waar onder- of wanvoeding ’n probleem is en sielkundiges bied terapie aan gemeenskappe wat aan erge trauma blootgestel is.

“Wat wáár gedoen moet word en hóé ons dit gaan doen, word deur die spesifieke behoeftes van ’n gemeenskap bepaal. Givers is ’n evolusionêre organisme eerder as ’n rigiede organisasie. Aanvanklik was ons, soos die ander hulpverleningsorganisasies, slegs betrokke by rampe. As daar ’n ramp is, gaan ons soontoe en help in die krisistyd en onttrek dan weer. Vandag het ons egter in sekere gebiede hospitale, skole en voedingsprogramme wat op ’n permanente grondslag funksioneer.”

Die radikale omvang van Givers se betrokkenheid spruit uit Sooliman se diepe oortuiging dat, as deel van ’n enkele mensdom, álle mense onvoorwaardelik gedien moet word; ongeag wie hulle is, wat hulle glo en waar hulle is.

“En hy het die uitsonderlike vermoë om almal met wie hy te doen het met hierdie visie te inspireer,” het Qasim voortborduur. Dit is ’n visie gebore uit die visioen wat Sooliman se leermeester, ’n Turkse Soefie, jare gelede van hom gehad het. Volgens die Soefie sou die jong Suid-Afrikaner ’n organisasie stig wat alle mense van alle rasse, gelowe, kleure en klasse sou dien. Die naam van hierdie organisasie sou Waqful Waqifin (Gawes van die Gewers) wees. En so het Gift of the Givers tot stand gekom.

“Kyk, die spirituele oortuigings waarop Givers gebaseer is, was aanvanklik vir my ’n bietjie soos spookasem,” het Qasim eerlik bely. “Ek is ’n dokter. Ek is wetenskaplik opgelei en ek is prakties. Maar ek het reeds genoeg saam met hom beleef om glad nie meer te twyfel nie dat Imtiaz ’n buitengewone aanvoeling het vir ’n werklikheid baie groter en dieper as hierdie voor die handliggende een waarin ek funksioneer.”

Ahmed en Qasim se bewondering vir Imtiaz Sooliman was byna tasbaar. Maar so was ook hul waardering vir elkeen van hul spanmaats.

“Wanneer ’n mens in die moeilikste denkbare situasies moet werk, wil jy nie weet wat iemand se geloof of kleur of taal is nie. Jy wil net weet jy kan daardie mens vertrou. En ek weet ek kan onvoorwaardelik op elkeen van hierdie mense vertrou. Vir elkeen van hulle is hul medemens belangriker as ’n gemaklike lewe en ’n groot inkomste.”

Qasim se beskrywing van sy spanmaats het my skielik teruggeneem na die jaar toe ek in Djokjakarta was toe ook dié stad in ’n aardbewing platgevee is. Byna 7 000 mense het gesterf en derduisende ander is beseer en ontheem. Soos wat die stad in die ure en dae ná die skudding leeggeloop het, het die hotelle begin volraak van die vele internasionale hulpverleningsgroepe wat ingestroom het.

En ’n paar dae lank was ek ’n ietwat ontgogelde maar gefassineerde toeskouer van die gedrag van een so ’n span. Terwyl hulle seker deur die dag ongetwyfeld goeie werk verrig het, was ek en die Indonesiese werknemers van die plek waar ek tuisgegaan het, die slagoffers van hulle nag lange partytjies. Verblyf was gratis. Kos was gratis. En uit hul praatjies was dit duidelik dat hierdie maar net nóg ’n plek is wat hulle kan aftik op die lang lys van eksotiese bestemmings waarheen rampe hulle voorheen gratis geneem het.

“Ja,” het Ahmed my my effense sinisme toegegee, “daarom weet Givers se vrywilligers hulle gaan nie vir hulself luukses mag toeëien wat die slagoffers van ’n ramp moet ontbeer nie.

Hulle gaan in alle waarskynlik ’n tent met ander spanlede deel, dieselfde eenvoudige kos as die slagoffers eet, en ’n long drop moet gebruik. Ons probeer hard om hierdie sogenaamde ramptoeriste voortydig uit te sif . . .”

“. . . asook diegene wat werklik met die beste bedoelings wil aansluit, maar nie die regte persoonlikheid vir die omstandighede het nie,” het Qasim, die praktiese dokter, bygevoeg.

“Iemand wat byvoorbeeld ’n uitstekende chirurg in ’n goedtoegeruste teater is, mag dalk net ontsteld raak as van hom verwag word om ’n ledemaat af te sit met ’n saag wat op die plaaslike mark gekoop moes word!”

Qasim was vir ’n rukkie stil voordat hy byna met ontsag vervolg het: “Vir my verteenwoordig hierdie groep mense wie ons as Suid-Afrikaners kán wees; wie ons móét wees.”

“So, verstaan jy?” eindig ek my vertelling aan John af, “hoekom ek op hierdie oomblik kan bars van trots om ook ’n Suid-Afrikaner te wees? Om self ’n bietjie ongerief te moet verdra?”

“Ek verstaan, ja.” In John se grysblou oë is nie ’n greintjie kwaadwilligheid te bespeur toe hy effe verwonderd byvoeg nie: “Ek moet sê, vir ’n Jaap is jy nogal serebraal.”

Hy het geen idee dat wat hy as ’n kompliment bedoel ten diepste ’n belediging is nie.

Maar dié slag slaap Xeno rustig voort. Want opeens besef ek dat wat Imtiaz Sooliman wérklik reggekry het, was om die menslikheid in hom te bevry van die ek van die eie, die groep, die taal, die nasie. En veral die ego.

Dit is wat Madiba, Desmond Tutu en Beyers Naudé reggekry het. Dit is wat elke groot profeet in die geskiedenis van die mensdom ingesien het: Dat dít wat van ons méns maak – soveel meer as die ape en skaars minder as die engele – nie in ons selfsugtige gene gegee is nie, maar elke dag uit die keiharde graniet van die ego gekerf moet word.

■ Nie sy regte naam nie.

■ Sandra Troskie is ’n vryskutskrywer van Stellenbosch.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-05-16-gift-of-the-givers-skaars-minder-as-die-engele

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877